

Tien dae van Gebed voor Pinkster

30 Mei – 8 Junie 2019



*Tydens die volgende tien dae, laat ons bid dat God die Vader Sy Gees opnuut sal uitstort op die kerk, soos menige kere in die kerk se geskiedenis.
(Handelinge 4:31; 8:15-16; 10:44; 11:15).*

Dit was tydens sulke tye van herlewing wat God lande en nasies heeltemal verander het. Lees die Skrifgedeeltes. Vra die Heilige Gees om met jou te praat.

Vra God om jou hart opnuut te laat brand om vurig te bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees in ons land.

(Inspirasie vir hierdie gebedsboekie is geneem van "The Spiritual Life" geskryf deur Andrew Murray)



Dag 1: Die Gees vir ewig saam met ons

Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. (Johannes 14:16-17).

Jesus het belowe dat die teenwoordigheid van God altyd by ons sal wees. Hy het uitdruklik gesê dat ons in Hom sou bly en dat Hy in ons sou bly (Johannes 15: 4). Hy praat van die inwoning en werk van die Heilige Gees. Sy lewe in ons is onlosmaaklik verbind met die inwoning van die Heilige Gees. Die Heilige Gees wil ons elke uur van die dag aanmoedig. Christus is in ons harte - 'n magtige lewende krag, inspireer, leer en vul ons. Wanneer ons elke dag die teenwoordigheid van God soek, ontvang ons nuwe krag om ander te beïnvloed en te seën.

AKSIE:

- Begin dus die dag met die drie-enige God.
- Aanbid God in Christus.
- Gee jouself aan die Heilige Gees, vertrou Hom om die lewende teenwoordigheid van Christus in jou 'n werklikheid te maak.

GEBED: Dankie Here, dat U Gees my aanmoedig om U teenwoordigheid te soek. Dankie dat U my kragbron is. Ek aanbid U in U heerlijkheid.

Dag 2: Die Gees van Sy Seun

En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! (Galasiërs 4: 6).

Die Gees wat in die kind van God woon, is dieselfde Gees wat in Christus Jesus is. Hy leer ons om die Vader se liefde te ken en om te reageer met kinderlike liefde en gehoorsaamheid. Soos Hy in Christus was, is Hy in ons, die Gees van die Seun wat hom uitdruk in ons gebedslewe. Die Heilige Gees sal die lewe van Christus in my openbaar. Die Gees vorm en manifesteer die karakter en denke van Christus in my. Die Gees rus my ook toe vir God se diens. Die Gees wat heiligmaking bewerkstellig, sal Christus as my heiligmaking openbaar. Hy sal my in staat stel om die wêreld en sy probleme te oorkom. Hy sal my met liefde vul vir God se mense; vir diegene wat my nie liefhet nie of ignoreer. Hy vul my met liefde vir diegene wat Christus nog nie ken nie, sodat ek vir hulle bid en gereed sal wees om hulle te help.

AKSIE:

- Maak tyd om met die Here te spandeer.
- Laat Hom toe om jou hart te vul met vertrouwe en verwagting oor wat die Gees in en deur jou kan doen.

GEBED: Here, ek kom voor U en glo dat die Heilige Gees U lewe in my sal openbaar.

Dag 3: Gekoop teen 'n prys

Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. (1 Korintiërs 6: 19-20).

Jou liggaam is God se tempel. Daarom behoort jy nie aan jouself nie en het jy nie die reg om te doen soos jy wil nie. Die Heilige Gees is die Gees van God se heiligheid; Hy kom om ons heilig te maak. God het absolute reg oor my. Hy verwag elke oggend van my om te sê: "*Praat, Here, u dienaar luister!*" (1 Samuel 3:10).

AKSIE

- Spandeer elke dag tyd om die band tussen jou en God te vernuwe en gehoorsaam die roering van die stem van die Heilige Gees in jou.
- Bewaar jou liggaam as die tempel van God, vanwaar bewondering en lof aan God voortdurend sal opklink.

GEBED: Here, ek erken dat my liggaam U tempel is. Versterk my, sodat ek in alle opsigte begeer om U te behaag en te gehoorsaam.

Dag 4: Geheilig deur die Gees

Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. (1 Petrus 1: 2).

Die belangrikste werk van die Heilige Gees is om jou te heilig sodat jy gehoorsaam kan word aan Jesus Christus en kan groei om meer soos Hy te wees. Vir die Heilige Gees om God se heiligheid aan jou deelagtig te maak, moet Hy in jou woon. Hy wil jou heeltemal besit.

AKSIE:

- Wag op God om jou die Gees van hemelse wysheid te gee; andersins, sal jy geen impak op die wêreld hê nie.
- Vra elke oggend dat God die gawe van die Heilige Gees in jou sal vernuwe, sodat Hy Sy werk van heiligmaking in jou kan uitvoer.

GEBED: Dankie, Gees van God, dat U my afgesonder het om aan die Vader te behoort. Hoe meer ek daarvoor dink, hoe groter word die wonder van U voorsiening.

Dag 5: Gelei deur die Gees van God

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. (Romeine 8:14).

Bedink die vrugte van die Gees en die eienskappe van ons Vader in die hemel wat in ons sal vermeerder deur gebed en die werking van die Heilige Gees.

Konsentreer op hierdie vier vrugte van die Gees terwyl jy die karakter van God, soos in die Skrif uitgebeeld, bestudeer.

1. Geduld - (2 Petrus 3: 9).
2. Goedhartigheid - Die Psalms is wonderlik om meer te leer oor God se goedhartigheid.
3. Goedheid - Alle goedheid is van God, en dit manifesteer in empatie en liefde teenoor almal wat ly.
4. Sagmoedigheid - Wees nederig en sagmoedig, soos Christus. (2 Korintiërs 10: 1).

AKSIE:

- Vra die Heilige Gees om jou te help om geduldig te wees in alle situasies.
- Oefen om, soos Jesus, met nederigheid en sagmoedigheid te reageer wanneer moeilike situasies en mense opduik.

GEBED: *Heilige Gees, ek begeer om die vrug van geduld, vriendelikheid, nederigheid en selfbeheersing te ontvang, sodat ek meer soos Christus kan word.*

Dag 6: Die Gees wat geloof wek

Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook. (2 Korintiërs 4:13).

Wanneer ons die Gees van God vra om ons te leer om te bid, open ons ons hart vir Hom sodat Hy die vrug van die Gees in ons kan kweek, wat getrouheid en selfbeheersing insluit. Dit sal ons daaglikse interaksie met God en ons medemens beïnvloed.

AKSIE:

- Vra die Gees van God om jou te leer om te bid.
- Pas selfbeheersing toe in jou omgang met die wêreld en sy versoekings en wees eerlik in die uitvoering van God se wil.
- Wy jouself tot vurige gemeenskap met God.

GEBED: *Here, laat die vrug van die Gees, met al sy wonderlike verskeidenheid, in my lewe ry word.*

Dag 7: Die Gees wat Christus verheerlik

Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. (Johannes 16:14). Voor sy hemelvaart het Jesus belowe dat die Gees as Middelaar sou kom. Die Gees sou Christus self in ons harte openbaar in Sy volle hemelse heerlijkheid. Waar daar 'n ernstige begeerte in 'n gelowige se hart is vir die heerlijkheid van Jesus, sal die Heilige Gees Sy teenwoordigheid 'n werklikheid maak.

AKSIE:

- Leef ten alle tye in stille gemeenskap met die Heilige Gees.
- Wees lief vir Hom, gehoorsaam Sy opdragte en doen alles in die Naam van Jesus.

GEBED: *Here, ek loof U vir die wonderlike verlossingsplan wat U vir ons bewerkstellig het. Dankie dat ek op die Gees kan staatmaak om in my te werk.*

Dag 8: Wandel in die Gees van God

Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. (Galasiërs 5:25).

Ons moet die leiding van die Heilige Gees ervaar in ons alledaagse lewe, wat ons gesprekke insluit. God gee ons Sy Gees om ons dwarsdeur die dag te vergesel. Ons moet in ons alledaagse lewe wys dat Christus in ons leef (Kolossense 2:6) en dat ons wandel deur die Heilige Gees. Die Gees word aan ons gegee sodat ons voortdurend bewus kan wees van Christus se teenwoordigheid.

AKSIE:

- Vra God elke oggend vir Sy Gees se hulp gedurende die dag.
- Dank God gedurig vir ons Hemelse Gids, wat ons daaglik vernuwe en ons in staat stel om in Christus te wandel en in Hom te bly.

GEBED: *Abba, Vader, ek heronderwerp myself aan die leiding van U Gees, sodat ek nie so maklik aan die wêreld en die vleeslike dinge sal toegee nie.*

Dag 9: Die Gees en gebed

Dit verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee. (Johannes 16:23).

In Sy laaste gesprek met sy volgelinge het Jesus 'n nuwe bedeling aan hulle voorgehou - die Heilige Gees in al Sy krag. Een van die groot seëninge hiervan is dat Christus se kinders nou die krag van God vanuit die hemel kan bid om die wêreld te seën. (Johannes 14: 13-14; 15: 7; 16: 23-24). Wanneer ons bid in die krag van die volmaakte verlossing van Christus, in die krag van Sy heerlijkheid met die Vader, en in die krag van die uitstorting van die Heilige Gees, dan is ons bevoorreg om te kan vra presies wat ons in die volheid van God verlang, en ons sal dit ontvang! (Johannes 14:14).

Dit is wat die dissipels in die tien dae voor Pinkster gedoen het. In antwoord op hul onophoudelike verenigde gebed, het hulle die Heilige Gees ontvang en was hulle gevul met lewe-gewende krag wat hulle aan duisende oorgedra het.

AKSIE:

- Lewe met die bewuste besef dat die Heilige Gees in jou leef met hemelse krag en jou in staat stel om vir Hom te getuig.
- Bid saam met ander kinders van God vir nog groter dinge as wat jy ooit gedink het moontlik is.

***GEBED:** Dankie, Here, dat ek U kan vra om my geliefdes, my vriende en myself toe te rus met die krag om lojale getuies van U in die wêreld te wees.*

Saterdag 8 Junie

Dag 10: Die gemeenskap van die Heilige Gees

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees. (2 Korintiërs 13:13).

In die hemel is daar 'n ewige gemeenskap van liefde tussen die Vader en die Seun, deur die Gees. Ons het gemeenskap met die Vader en die Seun, deur die Gees. Deur Hom ken en beleef ons die gemeenskap van liefde met die Vader en Seun. As kinders van God, het ons gemeenskap met mekaar deur die Gees. Ons is lede van een liggaam, en die Gees moet die eenheid van hierdie liggaam bewaar.

AKSIE:

- Vra God vir eenheid in die liggaam van Christus en vir gemeenskap van die Gees.
- Gebruik nagmaal om die eenheid wat ons met God deur die Heilige Gees het, te vier.

GEBED: Heer, dankie vir die gemeenskap met U Gees, en deur U Gees, met ander lede van U liggaam. Ek bid dat U ons 'n kragtige getuienis sal maak vir u Naam.

Pinkster

Die kerk vier vandag Pinkster. As ons net die verhaal van Pinkster vier, mag ons dink dat dit iets spesiaal is maar nie vir die alledaagse lewe nie. Dit is, alhoewel, bedoel vir elke Christen en vir elke dag se lewe. Die Heilige Gees het Jesus gelei regdeur Sy lewe op aarde.

Soos met soveel duisende kere in die geskiedenis van die kerk, bid dat God die Vader weer opnuut Sy Gees sal uitstort op die kerk. (Acts 4:31; 8:15-16; 10:44; 11:15). Gaan op die internet en lees omtrent die Walliese Herlewing van 1904 en 1905. Kyk na die 'Groot ontwakings' en herlewings in Suid-Afrika. Vra God om jou hart opnuut te laat brand om vurig te bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees in ons land.

